

# Graan SA besin oor die pad vorentoe

## – Fotobeeld van Kongres 2011

MARNA SWART, SKAKELBEAMPTE, GRAAN SA EN SA GRAAN/GRAIN REDAKSIE

Graan SA: Gerat vir die toekoms. Dít was die tema van die jaarlikse Graan SA Kongres wat gehou is op 9 en 10 Maart 2011 op NAMPO Park buite Bothaville. Die Kongres het daarop gefokus om 'n nuwe denkwyse daar te stel om die uitdagings van die toekoms aan te spreek.

Talle vooraanstaande sprekers het Kongresgangers se denke geprikkel en gesorg vir 'n baie insiggewende geleentheid.

Mnr Rick Tolman, die hoof uitvoerende beampte van die National Corn Growers Association van die VSA, het Kongresgangers toegelig oor hoe bedryfsorganisasies in die VSA daar uitsien. Tolman het verduidelik dat aanvalle van regerings, omgewingsgroepe en ander bedrywe teen landbou nie net in Suid-Afrika voorkom nie. Hy het verder gesê dat deur middel van aggressiewe advertensieveldtogte hulle die beeld van produsente poets.

"Nuwe landbou in Suid-Afrika" is verduidelik deur prof Mohammad Karaan (dekaan: Fakulteit van Agri-Wetenskappe by die Universiteit van Stellenbosch). Karaan het kwessies rondom grondhervorming en arbeidswetgewing aangeraak en het produsente aangemoedig om nie net terug te sit nie, maar self aan die stryd deel te neem om die verval van die land aan te spreek.

Dag 1 van Kongres is op 'n hoogtepunt afgesluit toe mnr Quinton Coetzee (motiveringspreker) die San se leefwyse gebruik het om te bewys dat geen enkele persoon of besigheid sukses sal bereik as hul nie die waarde van samewerking besef nie. Hy het afgesluit deur die San se jaggewoontes te gebruik om onder andere voorbereiding, die identifisering van elkeen se vaardighede en kommunikasie in samewerking te beklemtoon.

In sy voorsittersrede (by wyse van 'n DVD) het mnr Neels Ferreira terugvoer gegee oor die organisasie se bedrywighede die afgelope jaar. Hy het produsente verseker dat dit hoog op die agenda van Graan SA bly om aktief deel te neem aan aksies om vir plaaslike produsente groter beskerming teen invoere van produkte wat gesubsidieer word, te verkry. Hy het onder andere ook verwys na die gesprekvoering met die regering en die Mededingingskommissie oor 'n uitvoerpoel vir mielies om 'n binnelandse vraag na ons graan en oliesade te skep, tot voordeel van die land en al sy mense.

Dr Kobus Laubscher (voormalige hoofbestuurder van Graan SA) het in sy uittreerede gesê dat hy onbeskaamd positief is oor die toekoms van landbou en glo dat dié sektor 'n groot verskil in die toekoms van die land kan maak. Hy het ook die landbougemeenskap aangemoedig om die nodige visie vir oorlewing aan die dag te lê en nie die moontlike voedselvoorraad en -pryskrisis te ignoreer nie.

Mnr Jannie de Villiers (nuwe hoof uitvoerende beampte van Graan SA) het aan Kongresgangers gesê dat alhoewel hy nie baie van boerdery af weet nie, hy graag 'n verskil ten opsigte van die beleidsomgewing wil maak. Hy het ook gesê dat die klem nou op produksie is en dat dit tot voordeel vir die produsent kan wees.

**Vervolg op bladsy 22**

# Graan SA besin oor die pad vorentoe

**Vervolg van bladsy 21**

1: Produsente van die Suid- en die Wes-Kaap het reeds die Dinsdag voor Kongres 'n spesiale koringvergadering op NAMPO Park gehad. By die geleentheid was: Agter: Schalk Viljoen (hoofbestuurslid), Theunis Coetzee, André Kirsten, Andries Theron (visevoorsitter: Graan SA), Willem Visagie, Truter de Kock, Neels Welman, Helena van Eeden en Francois Eksteen. Voor: Dawie Lombard, Johannes Joubert, Johan Smuts en Michiel Smuts.

2: Ook by die spesiale vooraf-vergadering: Hannes de Wet (Hopetown), Koos Kirsten (Hopetown) en Jannie Smit (Douglas).

3: Vroegoggend registrasie vir Kongres: Jacques van Zyl en Attie de Necker (albei van Hoopstad) saam met Leoni Ferreira (Graan SA).

4: Thembeni Modise en Lawrence Mtsweni (albei van Nigel).

5: Van die gaste wat daar was: Deon van Rooyen (besturende direkteur: Pannar), Douw Steyn (bemarkingsdirekteur: Pannar) en Jan Cronjé (Virginia Landbou-unie).

6: Basie Ntsimane (oud-hoofbestuurslid) gesels met die nuwe hoof uitvoerende beampte van Graan SA, Jannie de Villiers.

7: Jan Botha (Tweespruit), Cees Legemaat (Pretoria), Johannes Ralesekele (Ventersburg), William Matasane (Senekal) en Boy Mokwena (Bronkhorstspruit).

8: Van Sannieshof: Rian Venter en Danie Bouwer.

9: Danie Minnaar (Kroonstad), Garnet Leonard (Kroonstad), Pietman Botha (senior landbounavorsingskundige, Graan SA), Jan Theron (landboubestuurder: FNB) en Jaco Minnaar (hoofbestuurslid).

10: Barry Coetzee (Vredefort), Bokkie Coetzee (Vredefort), Willem Coetzer (Parys), Geo Olivier (Parys), Kerneels Steyn (Parys) en Jaap van der Westhuizen (Parys).






















































11: WH van Zyl (Wesselsbron), Dirk van Rensburg (oud-hoofbestuurslid), Jannie Jacobsz (Senekal) en Tobias Doyer (hoof: Santam Landbou). Santam Landbou het by Kongres bekend gemaak dat hulle R50 000 bewillig om 'n bestuursopleidingsveldtog onder veral jong produsente aan te pak.

12: Gaste van NWK: Johan Bezuidenhout (bestuurder: Korporatiewe Bemarking), Danie Marais (besturende direkteur) en Jan Grobbelaar (direkteur: Graan) saam met Johan Loxton (bestuurder: Kommersiële Dienste, Graan SA) en Johan Smit (tegniese redakteur: *SA Graan/Grain*).

13: Koos Blanckenberg (hoofbestuurslid), Frehan Bester (Moorreesburg), Thys Odendaal (Swellendam), Cobus Bester (Moorreesburg), Jan Bester (Moorreesburg), Martin Heydon (Bredasdorp) en Pien Bester (Moorreesburg).

14: Kobus van Rensburg, Hernus Claassens, Frans Venter (almal van Delmas) en Dale van den Aardweg (Winterton).

15: André Nel (LNR-IGG), Jeanetta Saayman-du Toit (LNR-IGG) en Jos de Kock (PNS).

16: Kliphard besig om die nuwe uitgawe van *SA Graan/Grain*, wat by Kongres beskikbaar was, te lees: Dawid Roux (Leeudoringstad), Deon Bergh (Leeudoringstad), Jan Jacobs (Makwassie), Frikkie Kirsten (Makwassie) en Chris Botha (Wolmaransstad).

17: Ds Koos Kirsten (wat ook "Uit die Woord" in *SA Graan/Grain* behartig) het Kongres die eerste dag geopen met skriflesing en gebed.

18: Rick Tolman, die hoof uitvoerende beampte van die National Corn Growers Association van die VSA en spreker by Kongres, saam met Neels Ferreira (voorsitter: Graan SA) en Jannie de Villiers (hoof uitvoerende beampte: Graan SA).

19: Cor Jansen van Vuuren (president van Agri NW), Wessel van der Merwe (president van Agri Noord-Kaap), Herman Meiring (Bultfontein) en Johannes Möller (president van Agri SA).

20: Kobus van der Merwe en Dirk Laas (albei van Ottosdal).

21: Van die Graan SA personeel by Kongres. Voor: Barrett Schoeman (landbou-ekonoom: Markomgewing) en Petru Fourie (landbou-ekonoom: Insette en Produksie). Agter: Corné Louw (senior ekonoom: Insette) en Johan Loxton.

22: Jan Botha lei 'n besprekingspunt oor die probleme met regeringshulp by Kongres in.

**Vervolg op bladsy 24**

# Graan SA besin oor die pad vorentoe

**Vervolg van bladsy 23**

1: Jaco Strauss en Kobus Human van Hartswater.

2: Links voor sit Albert Steyn (Rysmierbult) saam met Schalk Jacobs (Ventersdorp). Regs voor sit Willie Lubbe (Randfontein) saam met André Strydom (Rysmierbult).

3: Jacques Stephansen, Bert van Aarde en Andries Coetzee, almal van Dwaalboom.

4: Pieter Pretorius (Kestell) saam met Steve Minnaar (Warden).

5: Lourens du Plessis (Ottosdal), Gert van Aarde en André Kilian, albei van Hartbeesfontein.

6: Theunis van Staden (organiseerder: Solidariteit) en Willie Marais (senior organiseerder: Landbou en Medies, Solidariteit) het Kongres namens Solidariteit bygewoon. Volgens Willie is daar 'n behoefte onder produsente dat dié vakbond meer betrokke moet raak by die landbousektor.

7: Pieter van den Berg en Attie de Necker van Hoopstad. Saam met hulle is Hannes de Kock van Hertzogville (regs).

8: Johan Kritzinger, Fanie Combrinck, Gert Coetzee en Louis Botha, almal van Koster.

9: JP Kirchner (Groblersdal), Hardie van Niekerk (besturende direkteur: OVK), Frieder Zerwick en Hennie Vermaak (albei van Clocolan).

10: Gabrie Theron en Jaco Pretorius van Skuinsdrif. Albei is op Agri NW se Jongboer Dagbestuur.













































11: Johanna Mabusela en Gladness Nkuna van die Nasionale Departement van Landbou.

12: Pine Pienaar (links) en Eckard Hiesterman (regs), albei van Piet Retief, saam met Schalk Stapelberg (hoofbestuurslid).

13: Die Ontwikkelende Landbou personeel van Graan SA op hul pos tydens kongres. Willie Kotze, Johan Kriel, Jane McPherson, Danie van der Berg, Jurie Mentz en Jerry Mthombothi.

14: Keneilwe Nailana (landbou-ekonoom) en Sipho Makgaba (bemarking) van Land Bank.

15: Frans Nel van Excelsior en Ernst Yzel (voorsitter: Aartappel SA) van Marquard.

16: Van die dames van Graan SA wat gaste en afgevaardigdes gehelp het om te registreer. Voor is: Debbie Boshoff, Stien Le Roux, Annelize Scholtz, Rika van Niekerk en Hannetjie Saaiman. Agter is: Rialeen Lombard, Christa de Wet, Leoni Ferreira, Petro Jansen, Petro Viljoen en Marina Kleynhans.

17: Graan SA het tydens Kongres erkenning aan hul invorderingsagente gegee: Geoff Allem (Allem Bros), Klasie Jacobs (GWK), Schalk Viljoen (Overberg Agri), Kobus Bester (MKB), Danie Marais (NWK) en Fanie van Zyl (Suidwes).

18: Die ander invorderingsagente is: Hardie van Niekerk (OVK), Harm du Plessis (Unigrain), Francois Strydom (Senwes), Koot Hiesterman (TWK), Pietman Lourens (SSK), Sas Kasselman (VKB) en Neels Welman (Wes-Kaap Graanprodusente). Daar is ook toekennings gemaak aan: Afgri, Tuinroete Agri en Kaap Agri. Hulle toekennings sal later aan hul oorhandig word.

19: Die Mielietrust het erkenning aan Landbou Ontwikkeling gegee vir die werk wat hulle doen. Jane McPherson, links, (programbestuurder: Ontwikkelende Landbou, Graan SA) en Johan Kriel, regs, (provinsiale koördineerder) het elkeen 'n toekenning gekry.

20: Tydens Kongres is verslag gedoen oor die finansiële state en ouditeursverslag van Graan SA. Fanie van Zyl (dagbestuurslid en voorsitter van die Ouditkomitee), Philip Smith (bestuurder: Finansies, Graan SA) en Deon Pretorius (Graan SA se ouditvennoot van PricewaterhouseCoopers) was aan die woord. ■

# Corn growers around the globe FACE COMMON ISSUES

SA GRAAN/GRAIN EDITORIAL STAFF

Guests at the 2011 Grain SA Congress listened with interest to the views of Mr Rick Tolman, chief executive officer of America's National Corn Growers Association (NCGA) as he shared the plans that his organisation has implemented towards being geared for the future. He made it clear that corn growers around the globe face common issues which could be challenged and countered in cooperation with one another.

The NCGA is a "grass roots", member-driven organisation like Grain SA and their major focus is to create and increase opportunities for corn growers through maintaining a presence in the arenas of public policy, biotechnology, production, stewardship, biofuels and trade.

The organisation is funded largely by the voluntary check-off system of between US 1/2c - 1c per bushel traded. They have more than 300 000 check-off investors and 35 000 active members. Tolman emphasised that the check-off is not compulsory to avoid any federal government involvement.

## Marketing is a key focus area

Tolman discussed worrying indications that meat consumption has flattened out, negatively influencing livestock consumption of maize, while production, assisted by new technology, is increasing. The result is increased urgency to create new markets. The success of a healthy corn to ethanol industry is therefore critical and furthermore, the extensive impact of this industry cannot be ignored with over 200 ethanol plants in rural areas providing outlets for the corn produced, increased involvement in the value chain for farmers, stimulus for rural development and job creation as well as new opportunities for schools, hospitals and fire stations. Delegates could not help but be inspired by the vision of healthy rural communities around South Africa supporting local corn to ethanol businesses.

To affect cohesion in communications the NCGA works with key organisations like the Renewable Fuels Association and the Growth Energy and American Coalition for Ethanol. Another effort to promote the American farmer is the alliance between the National Association for Stock Car Auto Racing (NASCAR) and the NCGA with NASCAR using a 15% blend of ethanol in their vehicles and acting as a spokesperson about energy security.

## Communication

He highlighted the issue of effective communication and he observed that: "United States agriculture is under attack!" Environmental groups and public policy are generally negative towards farming and the oil industry constantly undermines the agriculture industry. The challenge is to enhance consumer trust in modern food production in the face of different pressure groups and environmentalists spreading a barrage of misinformation about food and agriculture.

Tolman described some of the strategies they have embraced in collaboration with American corn farmers to form the Corn Farmers Coalition who have produced The Corn Fact Book and *www.cornfarmerscoalition.org*. The role of farmers in providing safe and abundant food is emphasised and they "put a face on farming" by raising awareness that farmers care for the environment and farmers are also mothers and fathers who are concerned about the safety of their children.

CommonGround, a collaborative effort between the NCGA and the United Soybean Board, provides farming women with both knowledge and opportunities to speak to the public. Through this open communication, shoppers learn the truth about agriculture without media filters and the spokeswomen develop a better understanding of the concerns facing the 98,5% of the US population no longer involved in agriculture.

The formation of an Agri-Industry Council – whose mission it is to facilitate a structured dialogue between agribusiness and the NCGA grower leadership in order for industry and the association to collectively address key issues of mutual importance and concern – has improved communication opportunities between agriculture and agribusinesses.

## Influencing public policy

The NCGA is committed to understanding and influencing public policy. A second office was opened in Washington DC, where all matters of legislation are monitored. Tolman says personnel are constantly interacting with politicians and lobbying key policy makers. A dynamic program for farmer leaders sponsored by Syngenta, empowers growers to communicate better with the media and policy makers – even social media such as *blogs*, *Facebook*, *Twitter* and video clips on *YouTube* is used.

## Biotechnology in farming

The important role of biotechnology in farming needs active campaigning in order to counteract negative public opinion. Tolman says GM production has been adopted throughout the US and is seeing healthy returns for the farmers. NCGA members are excited about the trends in market assisted breeding (such as pipeline traits for drought tolerance, Nitrogen utilisation, yield enhancement and ethanol-specific traits hybrids which translate to more bushels of corn per inch of water in drought environments along with the impact of improvements in agronomics, breeding and biotechnology on average corn yields) that will play a significant role in meeting global needs for feed, food and fuel.

He closed by encouraging grain producers that there is a great story to be told about the benefits of modern agriculture production. "Consumers want to know where their food comes from!" ■



Rick Tolman



Jannie de Villiers (hoof uitvoerende beampte: Graan SA), Mohammad Karaan en Neels Ferreira (voorsitter: Graan SA).



# Aan wie behoort die fluit?

RUTH DAVIES, SA GRAAN/GRAIN MEDEWERKER

"Wie van ons in Suid-Afrika gaan die fluit kry om te speel?" Prof Mohammad Karaan (dekaan: Fakulteit van Agri-Wetenskappe by die Universiteit van Stellenbosch) het dié vraag na aanleiding van 'n staaltjie aan Kongresgangers gevra met verwysing na die grondhervormingskwessie in Suid-Afrika.

Drie seuntjies loop in die veld en tel 'n fluit op. Wie moet die fluit kry? Produsente kon kies uit drie antwoorde: die een wat die fluit kan speel, die een wat die armste is of die een wat die fluit verloor het. Die antwoord op dié vraag, is 'n aanduiding van hoe kompleks die kwessie rondom die hantering van grondhervorming is.

## Arbeidswetgewing

Karaan meen dat die kwessie rondom die aangepaste arbeidswetgewing produsente nie so erg sal raak nie, want hy sê dat die meeste produsente in Suid-Afrika hul werkers die minimum loon of meer betaal. Hy moedig alle produsente aan om die minimum loon of meer aan te hou betaal en sê: "Die toekoms van landbou kan nie gebou word op goedkoop en onmenslike arbeid nie."

'n Meer ernstige kwessie is dié van verblyfreg op plase. Hy voorspel dat plaaswerkers in die toekoms net op die plaas gaan werk en elders gaan woon. "Hier sal die sosiale implikasies die ekonomiese implikasies oorskry," het hy gesê.

## Voedselpryse, *bloggers* en vrouens

Karaan meen die toename in voedselpryse sal nie lei na voedselsekerheid nie, maar eerder na voedseldringendheid. "As die regering net vroeër op die voedselprys gereageer het, kon die landbousektor dit vandag beter hanteer het," het hy gesê.

Die sogenaamde "stille revolusie" genaamd *blogosphere* (mense wat hul opinies lug deur 'n *blog* te skryf wat dan deur ander gelees word wat daarop kommentaar kan lewer) is 'n vernuwing in die wêreld. Daar is ongeveer 200 miljoen *bloggers* regoor die wêreld en 350 miljoen lesers.

Hy het die voorbeeld gebruik van Salam Pax, 'n bekende Irakese *blogger*. Salam het op sy *blog* vertel wat die Amerikaners besig was om in Irak te doen en hy het kommentaar op dié gebeurtenis gelewer. Dit was nie lank nie of daar was nog *bloggers* regoor die Midde-Ooste. Die res van die wêreld is beïnvloed deur die *bloggers* se opinies asook die voedselkrisis in die Midde-Ooste.

"Die opstande in Egipte en Libië die afgelope tyd kan ook toegeskryf word aan stygende voedselpryse, die bevryding van vroue en politieke aktivering van die jeug," het hy gesê.

Volgens Karaan is dit die sosiale media in die wêreld wat maak dat die jeug regerings omverwerp. Jeugleiers het 'n revolusie in Egipte laat ontstaan. Ten minste 'n derde van dié leiers is vrouens en almal is onder die ouderdom van 40 – baie van hulle werkloos."

## Werkskepping

Hy sê dat daar in Amerika 25% van die jeug is wat nie werk het nie en in Spanje is 45% van die jeug werkloos. In Suid-Afrika is die werkloosheidsyfer dikwels hoër as die gemiddeld in baie lande.

Karaan meen ook dat die bloeding in die landbousektor stopgesit moet word. "500 000 werksgeleenthede het sedert 1966 in die landbousektor verlore gegaan. Suid-Afrika kan egter meer as 1 miljoen werksgeleenthede skep. Indien die landboubedryf dié mylpaal kan haal, is die sektor meer relevant as enige ander sektor in ons land. Die landbou- en mynbousektor is die twee sektore van wie daar in die volgende tien jaar verwag word om 'n reuse-bydrae tot werkskepping te maak."

Volgens Karaan kan daar in die primêre sektor 25 000 werksgeleenthede geskep word, terwyl 145 000 werksgeleenthede binne die landbouwaardeketting geskep kan word.

Indien die ses grootste maatskappye in die voedselketting oor die volgende tien jaar elkeen gemiddeld R1 miljard aan besigheidsontwikkeling bestee, kan elkeen 5 000 bykomende werksgeleenthede skep. Ongeveer 500 000 van die 1,3 miljoen kleinskaalprodusente (wat toegang het tot 'n land groter as 'n halwe hektaar) in Suid-Afrika, moet volhoubaar gemaak word.

## Moenie terugsit nie

Karaan het gesê dat die oplossings in die landbousektor nie net vir die bestuur en direkteure van maatskappye en organisasies gelos kan word nie. Produsente moet mekaar verantwoordbaar hou en nie net die verantwoordelikheid na mense in senior posisies oorskuif nie.

Hy meen die antwoorde moet van die produsente kom. "Die lede van 'n organisasie moet aktief en verantwoordelik optree. Dit gaan nie oor om getrou te wees aan jou land, 'n organisasie of politieke party nie. Dit gaan oor om getrou te wees aan waardes en vryhede.

"Om aan die uitdagings in die landbousektor, waarvan werkskepping die grootste is, aandag te gee, is dit belangrik dat ons sal moet werk aan nasiebou." Volgens hom is ons steeds 'n eensydige nasie in die sin dat ons nie ons land se demografie verteenwoordig nie. ■

# Trek jou kliënt se "skoene" aan

RUTH DAVIES, SA GRAAN/GRAIN MEDEWERKER

Graan SA lewer net soos enige ander organisasie of maatskappy, 'n diens en produk aan sy lede. Dit is belangrik dat Graan SA sy kliëntebasis met tevrede lede sal uitbrei. Daarom het Graan SA dit goed gedink om mnr Zweli Manyathi (direkteur: Mid-Korporatief en Besigheidsbankdienste van Standard Bank) te nooi om te gesels oor besigheidsingesteldheid om kliëntetevredenheid te verseker.

Standard Bank is onlangs deur 'n inkortings- en rasionaliseringsproses, sonder dat daar afbreuk aan hul kliëntetevredenheid gedoen is. "'n Bank, is 'n bank, is 'n bank. Die produkte wat verskillende banke verkoop, is baie dieselfde, maar die verskillende produkte is nie dít wat volhoubaarheid skep nie – die produk is slegs die kommoditeit. Diens is die onderskeidsfaktor tussen verskillende banke," het Manyathi gesê.

Hy het klem geplaas op die diens-winswaardeketting. "Indien jou personeel gelukkig is, word daar outomaties waarde toegevoeg wanneer die diens gelewer word, wat op sy beurt sal lei na kliëntetevredenheid en daardeur word 'n winsgewende besigheid wat groei, geskep.

"Vir 'n tevrede kliënt is dit belangrik dat 'n besigheid homself in die kliënt se skoene sal plaas en sal probeer verstaan wat sy of haar behoeftes regtig is. Dit is krities belangrik om met jou kliënt deur 'n verskeidenheid kanale in verbinding te tree en terugvoer aan te moedig en op hul klagtes te reageer," het hy gesê. ■



Zweli Manyathi

# Terug na die basiese beginsels

## – Leer by die San

ESTIE DE VILLIERS, ASSISTENT-REDAKTEUR: SA GRAAN/GRAIN

Wie sou kon dink dat 'n mens vandag by die San kan gaan leer oor besigheidsbeginsels? Mnr Quinton Coetzee het Kongresgangers *back to basics* geneem deur te verwys na oplossings wat die San in hulle daaglikse lewens gebruik.

Coetzee word beskou as een van die beste bosspesialiste in Suider-Afrika en is 'n bekende televisiepersoonlikheid wat gereeld op omgewingsprogramme soos *50/50* en *Projek Aardwolf* verskyn. Sy lewendige en humoristiese vertellings oor die San se leefwyse het groot byval by die Kongresgehoor gevind.

Hoe kan na die San as 'n "maatskappy" verwys word? Die San is ook 'n klein groepie mense wat verbind is tot die groei van dié groep. Hulle mark is die sentrale Kalahari en hulle kliënte die volstruise, die sebras, die bokke en die kameelperde – dit gee vir hulle 'n "inkomste". (Al verskil is dat ons nie ons kliënte doodmaak nie...) Hul kompetisie? Die leeus.

By die San kan ons gaan leer van aanpasbaarheid, teenspoed, die uitdaging van verandering, mededingers, positiewe denke, strategie en spanwerk.

"Vandag wil ons nie meer net oorleef nie, ons wil floreer. Die eerste wet van sukses is om die groter 'vennootskap' te erken. Jy kan dit nie alleen doen nie. Jy kan net so suksesvol soos jou vennootskap wees.

"Verder moet jy geleenthede rondom jou raaksien en dit benut. Jy moet jou omgewing ken. Wees bedag op 'n negatiewe instelling. Weet wat jou probleem is en waar dit lê – slegs dan kan jy dit hanteer. Hê respek vir jou kliënte – sorg vir jou bron van inkomste. As tye moeilik word – pas daarby aan; verander. As jy nie verander nie sal jy nie groei nie. Belê in opleiding – hoe kan jy groei as jou mense nie weet wat om te doen nie?

"Ons weet al hierdie dinge, ons moet net weer teruggaan na die *basics*," sê Coetzee. ■




Quinton Coetzee